Tema: God is die enigste ware Lewensafrigter! Laat Hy jou lewenspad vir jou bekend maak, jou lei en jou leer!

Sing: Lied 163

Gebed om seën

Sing: Ps. 34 – 1: 1,2

Geloofsbelydenis: Sing Sb 12 – 3: 1,2

Wet uit Levitikus 19: 1 – 18

Sing: Ps. 130 - 2: 1,2

Gebed

Skriflesing: Psalm 25

Woordverkondiging

Gebed

Sing Ps. 25 – 1: 2

Gebed om seën

Dienelkander

Lewensafrigting, in Engels Life Coaching, is ʼn beroep wat deesdae baie gewild en in aanvraag is. Baie mense maak van sulke Lewensafrigters gebruik om hulle te help om sin te maak van hul lewe en hulle deur moeilike keuses en tye te begelei.

Ons het die afgelope twee Sondae gefokus op ons lewe saam met God. Ons het geleer van Henog wat elke dag saam met God geloop het en hoe God hom in ʼn donker tyd gelei het. Verlede Sondag het ons uit Jesaja 28 gehoor dat ons God kan vertrou met ons lewe want Hy weet presies wat Hy doen. Dat God se wysheid alles vir ons voorspoedig laat afloop. Dat donker tye deel uitmaak van God se plan met ons lewe en dat Hy ons daardeur lei!

En vanmore leer ons uit Psalm 25 dat God die enigste ware Lewensafrigter is en ek moet my deur Hom laat lei! Die psalmdigter spreek sy absolute vertroue op die Here uit - God alleen is die ware Lewensafrigter. Maar die digter openbaar ook die gesindheid van ʼn ware dissipel – ʼn leerling - iemand wat hom wil laat leer! Hy wil na God luister en van God leer!

Na wie luister ek en jy? Wie gebruik ons as ons Lewensafrigter of om dan ʼn Bybelse begrip te gebruik – as ons leermeester? In wie se meesterklas sit ons om te leer oor ons lewenspad? Ja, ons bely dat ons gelowiges is en dat God die hoogste gesag in ons lewe is! Ons roem ook soms as gereformeerde gelowiges op die bekende “Sola Scriptura – die Woord van God alleen – wat ʼn slagspreuk in die Reformasie was! Maar is dit so?

Daar is so baie stemme vandag – invloede, tendense, gebeure – wat jou denke beïnvloed en waarna ons luister. Ons hoor byna elke Sondag die eerste gebod waarin die Here sê: jy mag geen ander gode dien nie! Maar brs en srs, is dit werklik so? Luister ons net na die Here?

Kom ons doen bietjie selfondersoek: na wie luister ons regtig? Kom ons kyk eerlike watter ander lewensafrigters speel ook ‘n rol in my lewe:

1. Wat van Satan met sy versoekinge? Wat gedurig in my kop woorde en gedagtes plant wat teen God se wil is? Die Here waarsku ons teen hom en tog luister ons soms na hom. Hy is die vader van die leuen! Jy durf nie na hom luister nie. Adam en Eva het na hom geluister en so die hele mensdom in die allergrootste ellende laat beland! Die duiwel se advies klink altyd baie aanloklik, dit klink na goeie raad en die enigste uitweg – maar om sy raad te volg is die pad na die dood!

2. Satan gebruik ook valse profete om ons te mislei! Invloedryke mense, leiersfigure, geleerde wetenskaplikes wat nie die Here ken nie, maar wie se wysheid en kennis jou oorweldig! Die Here waarsku teen mense wat in die Naam van Christus en in die naam van die Bybel onwaarhede verkondig! Hulle raad lyk soos Bybelse raad, dit klink soos iets wat God sou sê, maar dit is strik vir jou gedagtes en jou dade! Dit laat jou uiteindelik teen God se wil optree. Die wêreld is vol van hulle – hulle gebruik ook die media as kragtige middel om hulle leuens te versprei- TV, flieks, sosiale media, boeke en tydskrifte en mense koop hierdie leuens en glo dit!

3. Geliefdes, luister ek en jy nie ook dikwels na ons eie sondige natuur nie! Is hy of sy nie dikwels my raadgewer nie? Daardie sondige natuur wat my wil oortuig dat om my eie wil te

doen, my eie belange te soek, alles te doen wat net tot my eie voordeel strek! Ja, ons is ware gelowiges wat in Christus glo maar hierdie sondige natuur stry teen wat God ons wil leer! Gaan lees maar weer Rom. 6 en Galasiërs 5. Moenie dat jou sondige natuur jou Raadgewer wees nie – dit verwoes jou lewe!

4. Wat van vriende en familie? Dikwels gaan soek ons hulle raad en advies? Wat moet ek in hierdie situasie doen? Hoe gaan ek uit hierdie moeilik kom! Die Here leer ons in die Woord: ongelowige vriende en familie, mense wat nie vol is van die Heilige Gees nie en self in ŉ lewende verhouding met God leef nie, hulle raad moet jy nie volg nie!

5. Hoeveel keer kyk ons nie na wat die wêreld doen en sê en dan volg ons dit na nie? Werêldtendense, veranderende tydsgeeste, gewoontes en manier van doen? Ons volg die wêreld in ons leefstyl, in hoe ons aantrek, hoe ons eet en hoe ons leef? In hoe wat ons doen en hoe ons praat! Almal doen so – hoekom sal ons dan nou anders wil wees!

Hoor wat sê die Here vir ons in 1 Joh 2:15–17: [15]Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. [16]Die wêreldse dinge — alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit — kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. [17]En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe."

6. Hoeveel keer het ek en jy ons al deur die meerderheid laat mislei? Ons luister graag na die stem van die meerderheid! Die leuen van die demokrasie is dat die meerderheid altyd reg is! Het jy ook al stil geraak wanneer jy in ŉ geselskap is en jy kom agter jy is in die minderheid oor een of ander saak? Of wanneer jy oor ŉ saak moet besluit dan laat jy jou bloot lei omdat die meerderheid ŉ sekere standpunt handhaaf.

Nee, broers en susters, die meerderheid is nie jou leermeester nie! Ons lees in Numeri 13 dat die mening van die meerderheid van die verkenners, Israel nog 40 sware jare in die woestyn gekos het – omdat hulle verkeerd was!

7. Wat van geld as jou onderwyser? Dat geld en rykdom die laaste sê in jou lewe het nie? Het jy nie ook al gedink dat geld eintlik die enigste oplossing vir alle probleme is nie? As ek tog net meer geld gehad het? Mense kyk op na ryk en vermoënde mense en volg hulle raad en lewenstyl! Die glans en blink van rykdom oortuig jou dat daardie mens seker beter weet as jy en dat sy of haar voorbeeld navolgingswaardig is! Stem jy nie saam nie? Hoekom is die realiteitsprogamme op TV waar die lewens van ryk mens saam met hulle op TV geleef word, so gewild! Waarom word net altyd die rykdom en roem van mense gewys – want dit is waarna almal moet streef!

Jesus het gesê: jy kan nie God en Mammon dien nie! Een van hulle moet die eerste plek in jou lewe hê!

8. Die laaste voorbeeld van valse Lewensafrigters wat ek wil noem is geestelike leiersfigure! Calvyn, Luther, ds. Sus en prof dr So en So, ek luister na wat hulle sê! Tim Keller, Dawid

Platt, John Piper, Joyce Meyer, Joel Osteen se woorde word verslind asof hulle die ware leermeesters is! Paulus waarsku in 1 Kor. 3 – moet jou nie aan geestelike leermeesters verbind nie – hulle kan jou nie laat groei nie! Net God kan!

Brs en srs, bogenoemde 8 voorbeelde van verkeerde lewensafrigters – hulle kan jou lewe verwoes!

Daarom sê die Psalmdigter in 25: 1: Ek hunker na God – die nuwe vertaling lui: ek rig my op God! Ek vertrou net vir God as my leermeerster! God is my lewensafrigter – ek luister na Hom! Vers 3: hy sal my nie teleurstel nie! Vers 8: Die Here is God en regverdig, Hy wys selfs vir sondaars die pad aan! Hy wys vir hulpeloses die pad aan!

Vers 12: As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies, sodat hy voorspoed kan geniet! Vers 14: Die Here maak sy verbond aan ons bekend!

Ja God is die enigste ware Lewensafrigter! God is die ware Lig in die duisternis van ons wêreld en Hy alleen ken die waarheid en maak die waarheid bekend! Hy maak aan ons die lewe bekend en skenk dit aan ons as ’n gawe! Hy gee ons sy Woord as die lig vir ons lewenspad en as die bron van ons wysheid!

Meer nog: Hy het ons sy Seun gegee as die finale openbaring! Ja, in en deur Christus het ons God volkome leer ken en leer God ons die ware lewenswysheid! In Hebreërs 1 lees ons dat God in die verlede op baie maniere met mense gepraat het, maar Christus is die laaste en die volkome openbaring van God! Daarom noem Paulus Christus in 1 Kor. 1 die “wysheid van God” van wie die dwase wêreld niks wou weet nie!

Johannes beskryf Jesus as die Woord van God. Ons lees in Joh. 1” [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.
[17]God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. [18]Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

Brs en srs en liewe kinders: alleen deur geloof in Christus as my Verlosser wat my red van die donker en duisternis van Satan en sonde, kan ek God as die grootste Waarheid leer ken! Wie nie in Christus glo nie – het nie die waarheid nie en kan nie God as die Waarheid en Wysheid ken nie! Wie nie glo nie – kan nie die ware en enigste Lewensafrigter volg nie!

Christus het deur sy verlossingsdade presies vir ons kom wys Wie God is! Christus het ons kom leer hoe ons in sy waarheid kan leef! Christus het ons God se hart kom wys – die hart waarmee ons Vader saam met ons op die lewenspad wil wandel! Die hart vol wysheid, liefde en genade!

God is die enigste wat my kan verlos, wat my sonde kan vergewe en wat my die regte lewenspad kan wys! Wat is wysheid? Om God te ken en die dien! Om God te vertrou met jou hele lewe en Hom as jou Lewensafrigter te hê!

Daarom roep die Heilige Gees ons ook vanmore deur Psalm 25 op om God as enigste Lewensafrigter se leiding te soek! Die Gees moedig ons aan om na God alleen te raadpleeg en na Hom te luister.

Kyk hoeveel keer gebruik die digter die woorde “maak aan my bekend” / “leer my” / “lei my” / “dink aan my”! Ek soek na God se raad! Wanneer ek moedeloos is, wanneer ek in sonde vasgevang voel, wanneer mense of omstandighede my bedreig! Wanneer ek besluite moet neem! Wanneer ek bang en alleen is! Ja, waar ek ook al is en wat ek ook al nodig het! Here, God leer my! Here, lei my, Here maak my U Wil bekend! Ag Here, dink net aan my – ek het U so nodig!

En hier staan die Here se belofte: Niemand wat hulle verwagting op die Here stel, sal ooit teleurgestel word nie! Hoekom nie! Want God het in Christus vir ons sy Gees gegee. God, die Heilige Gees, wat in ons kom woon het. Dit is sy taak om ons op die Lewensafrigter te rig! Om ons op die regte pad te hou, om ons altyd terug na God te bring! En omdat die Heilige Gees in ons woon – staan God se belofte vas! God sal jou nooit teleurstel nie! Hy sal jou altyd sy wil bekend maak, Hy sal jou die regte pad wys en jou leer wat om te doen!

Hoor wat sê ons Lewensafrigter in 1 John 2:27 “ [27]Wat júlle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly. “

Geliefde brs en srs en liewe kinders, daar is baie raadgewers en baie stemme in hierdie wereld wat jou wil wysmaak dat hulle pad die beste pad is! Wat wil hê dat jy hulle raad moet volg. Daarom moet ons vanmore die vraag eerlik antwoord: Is God ook my en jou Lewensafrigter? Sit ons ook soos leergierige dissipels aan sy voete sodat Hy alleen ons vir die lewe kan afrig?

Ja, ons kan ons hoop op Hom stel – Hy sal ons nie teleurstel nie – Hy sal ons alles leer wat ons nodig het. Hy sal ons lei op die pad wat ons moet gaan! Hy sal aan ons bekend maak wat sy wil vir ons lewe is en wat ons moet doen. Kom ons maak dan seker dat ons elke dag ‘n afspraak met ons Lewensafrigter maak, dat ons Hom deur ons geloof in Christus soek en Hom vind! Dat ons na Hom alleen luister en doen wat Hy ons beveel.

Amen